Maandag **26 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 23:44-49 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Lukas 23:45**

## God neem die skeiding weg deur Christus

Die spanningsvolle kruisgebeure breek aan en Christus word gekruisig (Luk. 23:33). Hy hang aan die kruis en die hemele antwoord. Teen twaalfuur kom daar duisternis oor die hele land vir drie ure lank; die son het opgehou om te skyn.

Skielik draai die fokus weg van die kruis na die tempel, waar die voorhangsel van die tempel middeldeur geskeur word (23:45). Dink net aan die oproer in die tempel! Eers hardloop almal na buite om die skielike donkerte te aanskou. Dan weer na binne, en dan: Die groot gordyn wat die Allerheiligste heelagter in die tempel afgesluit het, skeur middeldeur. Niemand het daaraan geraak nie, geen mensehand het dit geskeur nie, maar God se hand wat eers die son weggeneem het, het nou hierdie gordyn geskeur.

Die betekenis? Agter die gordyn het God se troon gestaan. Daar is op die versoendeksel jaarliks versoening bewerk vir al die sondes van die volk en priesters. Die bron van genade en vrede van God waarna die volk telkens stroom. Maar nou is die voorhangsel geskeur, die skeiding is weggeneem. Die egte versoening is bewerk. Die groot Hoëpriester se offer is gebring. Danksy Hom is ons skuld by God vir ewig betaal en is die pad na God se troon nie langer deur ’n gordyn geskei nie. Nou het gelowiges in Christus vrymoedigheid om na God se genadetroon te gaan (Heb. 4:16).

God se woning is nie meer in die tempel nie. Die priesters kan hulle offerdiens maar staak. God skeur die voorhangsel, neem die skeiding weg en sê: “Soek my nie meer agter die gordyn nie, kry My nou in Hom wat daar aan die kruis hang, buite die stad.”

Vir ons wat Hom gevind het wat deur sy dood die volmaakte versoening bewerk het en skeiding weggeneem het, kry Jerusalem ’n ander betekenis. Die getuienis oor die voorhangsel bly nie meer in Jerusalem nie, maar daarvandaan, en tot aan die “einde van die aarde” (Hand. 1:8).

*Sing: Psalm 40-1:3, 4, 8*

*Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/Saldanha)*